



**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**  
**Reeks H: Inougurele Redes Nr. 36**

**DIE INLIGTINGSDILEMMA**

**P.J. Schutte**

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**  
**1976**

## DIE INLIGTINGSDILEMMA

Van die vroegste tye af het biblioteke al iets gedoen wat ons stellig maar biblioteekdiens kan noem. Hiervan getuig 'n kleitablet uit die paleisbiblioteek van die Assiriese koning Assurbanipal uit die sewende eeu v.C. Die inskripsie daarop lees: „Hierdie biblioteek is elke twee weke vir een uur oop. Geen boek mag hieruit verwyder word nie. Ons het dit met 'n eed gesweer”. Deur die eeue heen het daar egter 'n geringe mate van verbetering ingetree. Teen die laat 1850's was die biblioteek van die Universiteit van Columbia al vir 1½ uur oop Maandae, Woensdae en Vrydae oop vir studente. Daar was skynbaar geen behoefte aan beter diens nie, want skaars honderd jaar gelede het 'n Amerikaanse professor gesê die hoof opvoedkundige taak van 'n universiteitsbiblioteek is om nou en dan aan 'n professor 'n boek te leen wat hy toevallig nie in sy eie biblioteek het nie. In die 1860's het die bibliotekaris van Yale Universiteit, Daniel Gilman, sy werkgewer gedreig dat hy sou bedank as hy langer sy enigste assistent uit sy eie sak moes betaal. Sy dreigement kon niks meer as die volgende reaksie by sy werkgewer uitlok nie: „The position of librarian does not possess the importance which a man of active mind would naturally seek; and the college cannot now or hereafter give it greater prominence”. Hierdie bibliotekaris het geen ander keuse gehad as om sy betrekking neer te lê nie. Dit kan terloops genoem word dat sy volgende betrekking dié van stigterspresident van die John Hopkins Universiteit was.

In die tweede helfte van die negentiende eeu het daar egter 'n ander opvatting oor die plek van biblioteke in hoër onderwys begin ontstaan. Twee belangrike omvormings in die universiteitswese het ook nuwe opvattinge oor universiteitsbiblioteke teweeggebring. Die eerste was die radikale nuwe idee van selfwerkzaamheid van die kant van studente. Die ou leerplan het volstaan met lesings en leerboeke en die biblioteek was 'n bysaak in onderwys. Die nuwe leerplan het die klem laat val op wye leeswerk en sodoende die biblioteek in hoër onderwys betrek om die siel van die inrigting te word.

Maar 'n tweede en miskien nog belangriker verandering in die universiteitswese het ingetree. Die leerplanne is uitgebrei om ook natuurwetenskaplike, tegniese en beroepsopleiding in te sluit. Nagraadse studie het 'n vereiste geword vir benoemings op die doserende personeel, en miskien die belangrikste — 'n baie hoë prioriteit is aan navorsing gegee. Onderwysers aan universiteite moes plek maak vir geleerdes, en geleerdheid self het 'n professie geword.

'n Basiese vereiste van geleerdheid is dat dit kumulatief moet wees — dit moet voortbou op wat reeds bekend is. Dit het onvermydelik die groei van biblioteke gestimuleer. Die vraag na boeke van die kant van die akademie het 'n Amerikaanse bibliotekaris so in die noute gehad dat hy hartroerend moes

uitroep: My lewe is 'n stryd om boeke! Maar hierdie man se patos het spoedig misplaas geblyk te wees, want hy en sy kollegas het die stryd gewen. Wel-dra sou hulle oorwinning so groot wees dat dit 'n nuwe stryd ontketen — 'n stryd om die massas toepaslike en ontoepaslike materiaal te ontsluit.

In die prosen van uitbouing van groot boekversamelings het bibliotekarisse 'n splinternuwe faktor in wetenskaplike biblioteekontwikkeling ingebring — naamlik hulleself. Die biblioteekprofessie het nie langer plek gehad vir sulke groot geeste soos Leibniz, Goethe, Casanova en Lessing nie. Hoewel eers heel-wat later moes ook aan ons Universiteit 'n ere-bibliotekaris, wat 'n groot geleerde was en op sy vakgebied internasionale erkenning geniet het, ongeveer 30 jaar gelede, plek maak vir 'n jonger vakkundig onderlegde universiteitsbibliotekaris.

Dit was dan hierdie nuwe element van groei wat biblioteekwerk omvorm het van 'n amateur of klerklike beroep na een wat gespesialiseerde kennis vereis — 'n professie. Enigiemand, selfs 'n laerskoolkind wat nie eens 'n biblioteekprefek is nie, kan 'n klein versameling boeke vir sy eie gebruik of vir gebruik deur 'n paar individue sinvol rangskik, selfs al bepaal die fisiese formaat van die boeke of die kleur van hulle omslae die rangorde. Maar 'n versameling van honderde duisende boekdele in diens van duisende gebruikers met wyd-uit-eenlopende belangstellings en behoeftes, vereis gedetailleerde en sinvolle klas-sifikasie. Die massa materiaal, verteenwoordigende duisende outeurs het ook die behoefte aan inskrywingsreëls geskep en so is katalogiseringskodes gebore. Die menigvuldigheid van onderwerpe het die daarstelling van lysste van saak-hoofde of onderwerphoofde genoodsaak. Dit alles en nog veel meer, kortom groei, het tot gevolg gehad die ontwikkeling van 'n hele reeks organisato-riese vaardighede met die huidige naam van tegniese dienste, wat 'n versamel-ing boeke omskep in 'n biblioteek. Teen die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu het 'n nuwe term, naamlik *moderne biblio-teekidee*, posgevat, nadat dit die eerste keer deur Melvil Dewey in 1885 ge-bruik is. Vanselfsprekend kan die idees van byna honderd jaar gelede vandag nie meer modern wees nie. Op feitlik alle terreine van wetenskapsbeoefening het daar in die afgelope 50 jaar of wat radikale veranderinge ingetree, terwyl die onvermoeide dienskneg van wetenskapsbeoefening, die biblioteek, nog steeds opgesaal is met die moderne idees van 'n eeu gelede. Om verwarring te voorkom sal ek verder aan na Dewey se moderne biblioteekidee verwys as die konvensionele biblioteekwese.

Die konvensionele biblioteekwese was sedert sy ontstaan vir 'n tyd lank 'n baie voortreflike dienskneg van wetenskapsbeoefening. Die ontsluiting of indeksering van inligting was heeltal in lyn met die aard en wese van die destydse wetenskapsbeoefening. Die wetenskappe is destyds horisontaal of in die breedte beoefen. Iemand was geleerd as sy kennis oor 'n wye terrein ge-strek het. Professore wat meer as een vak doseer het, was geen uitsondering

nie. Heeltemal in lyn hiermee was ook die inligtingsdiens van die konvensionele biblioteekwese. Dit was ingestel op iets van alles, en nie alles van iets, soos wat die hedendaagse wetenskapsbeoefening dit vereis nie. Die enigste twee metodes van onderwerpsindeksering wat die konvensionele biblioteekwese geken het en nou nog ken, is klassifikasie en alfabetiese onderwerpshoofde. Albei hierdie metodes indekseer horisontaal. Inskrywings word gemaak onder breë hoofde, hetsy hierdie hoofde klassifikasienommers of onderwerps-hoofde is. Inskrywings vir enger onderwerpe word dan vanaf die breë onderwerpe afgebou na die spesifieke.

Toe hierdie indekseringstelsels ontwerp is, was hulle 'n goeie aanbod op 'n aanvraag. Die ontwerpers en beoefenaars daarvan het egter nie rekening gehou met twee sake wat van rewolusionêre omvang was nie: naamlik veranderde wetenskapsbeoefening in die eerste plek, en deels as gevolg daarvan in die tweede plek, 'n oorweldigende toename in boekproduksie. Laasgenoemde het die naam gekry van die inligtingsontploffing, of, as daar gelet word op die grootskaalse duplisering van navorsing, kan dit tereg ook genoem word die papierontploffing. Hierdie inligtingsontploffing, wat inligtingsdiens op die gevorderde vlak in 'n dilemma laat beland het, moet van naderby beskou word.

Hoewel die inligtingsontploffing aanvanklik slegs op die terreine van die natuurwetenskappe en die tegnologie plaasgevind het vanweë die snelle ontwikkeling op daardie terreine, kom ook die geesteswetenskappe nou al voor dieselfde probleem te staan. Baie navorsers op alle kennisterreine, voel dat hulle onvoldoende ingelig is, nieteenstaande hulle feitlik begrawe word onder 'n onophoudelike vloed van inligting, en dit net omdat hulle nie in staat is om alles te lees wat van belang mag wees nie. Die geweldige toename in die publikasie van monografieë, tegniese rapporte, tydskrifte, ekserpte of watter ander tipes inligtingsbronne ookal, is algemeen bekend. Die volgende syfers sal vir u egter 'n idee gee van die omvang van die probleem: Daar verskyn tans ongeveer 150 duisend wetenskaplike tydskrifte, waarvan 80 duisend op die gebied van die natuurwetenskappe en die tegnologie, en 70 duisend op die gebied van die geesteswetenskappe. Wat boeke betref kom die jaarlikse publikasiesyfer op ongeveer 300 duisend titels te staan. As 'n mens van skouspelagtige statistieke hou, dan moet hy let op die toename van ekserpte in *Chemical Abstracts*. Dit het byna 32 jaar, van 1907 tot 1938, geneem om die eerste miljoen ekserpte te publiseer. Die tweede miljoen het na 18 jaar gekom; die derde miljoen na 8 jaar; die vierde na 4½ jaar en die vyfde na net meer as 3 jaar.

Hierdie stortvloed van inligting het paniek gesaai en 'n drievoudige reaksie daarop is waarneembaar. Die eerste reaksie, hoewel naïef, maar tog te verwagte, was 'n oproep vir die vrywillige beperking van publikasie, strengere keuring van bydraes en beperking van die aantal tale waarin wetenskaplike

bydraes gepubliseer moet word. Van hierdie oproep het daar niks tereggekóm nie, want op die gebied van publikasie, soos op meeste ander terreine, is vrywillige beperkings net bedoel vir die ander man.

Die tweede reaksie op die inligtingsontploffing was meer konstruktief. Dit was 'n poging om dekking van die massas literatuur te verkry deur kondensasie in die vorm van oorsigte (reviews), opsommings (digests) en ekserpte (abstracts). Daar bestaan geen twyfel oor die noodsaaklikheid van sulke sekondêre publikasies in die proses van disseminasie van inligting nie. Maar juis omdat hulle 'n essensiële aanhangsel van primêre publikasies is, vermeerder hulle die hoeveelheid materiaal wat gelees moet word. Deur die lees van kort samevattende ekserpte kan die onnodige lees van nie-toepaslike primêre artikels wel uitgeskakel word. Dit dui dan tog op 'n oplossing vir die inligtingsdilemma, maar dis nog nie die volle verhaal nie. In 'n poging om alle toepaslike inligting oor 'n onderwerp te vind, moet verskeie ekserptydskrifte op verwante gebiede gebruik word. Daar is egter aansienlike oorvleueling ten opsigte van hulle dekking, sodat baie tyd daardeur swak benut word. Die ergste van alles is dat minstens een derde van alle gepubliseerde artikels die vangnet van ekserpering ontglip.

'n Derde reaksie op die dilemma was om die hele probleem oor te dra aan rekenaars. Die skrywer Licklider in sy boek *Libraries of the future* is tipies van diegene wat in hierdie benadering glo. Die bedoeling was dat die hele korpus van kennis op rekenaars geplaas sou word en gebruikers dan deur middel van gekoppelde stelsels die verlangde inligting — nie verwysings na die inligting nie, maar die inligting self van die rekenaar sou ontvang. Licklider het selfs sover gegaan om te voorspel dat so-iets moontlik sal wees in „possibly ten years and probably twenty years”<sup>2</sup>. Van hierdie tydperk is tien jaar reeds verstreke, en nog 'n klompie dekades sal seker verbygaan sonder vrees dat die warmte van die gedrukte woord verdring sal word deur die koue apparatuur van die rekenaar. Dit beteken geensins dat die rekenaar nie 'n belangrike rol in verbeterde inligtingsdiens speel nie.

En die konvensionele biblioteekwese — wat was sy reaksie op die inligtingsontploffing? Geen of min! Die konvensionele biblioteekwese het in elke geval nie paniekbevange geraak nie. Hy het nog altyd geglo, en hy glo nou nog dat hy die situasie kan beheer deur bloot die omvang van sy werksaamhede, en dan veral sy tegniese dienste, uit te brei. Afgesien van die ontoereikendheid van sy indekseringsmetodes, wat te weeggebring is deur die veranderde wetenskapsbeoefening, is daar ook ander sake waarmee die konvensionele biblioteekwese nie rekening gehou het nie. In Amerika is daar tans minstens vyftig universiteitsbiblioteke met 'n boekevoorraad van meer as een miljoen — sommige met etlike miljoene. Sulke biblioteke het geen ander keuse nie as om hulle magasyn vir die gebruikers te sluit. Dit is in elk geval sinneloos om 'n literatuursoektog in so 'n massa materiaal te onderneem. Die tweeduisend

jaaroue woorde van Cicero te wete „hier vreet ek in die biblioteek van Faustus”, hou vir die hedendaagse leser nog net ’n mooi geestelike erfenis in. Die dae van genotvolle luierlees in die literêre produkte van spesialiste is verby, want dit het verlore geraak in die massa. Maar dit is nie vir die konvensionele biblioteekwese ’n probleem nie. Daar is mos die biblioteek katalogus — *dié* aanwysingshulpmiddel na die verlangde en toepaslike inligting in die betrokke biblioteek. Maar ook in hierdie opsig het die konvensionele biblioteekwese met sy beleid van uitbreiding van werksaamhede misgetas. Lywige katalogi het ’n euwel geword. Dit het hoog tyd geword dat ons besef dat blote uitbreiding van werksaamhede nie ’n oplossing bied vir die inligtingsdilemma waarin ons beland het nie. Ons konserwatisme sal niks verander aan die feit dat waterdigte skeidings tussen dissiplines, in ’n groot mate verdwyn het nie. Kennis is deesdae nie meer ’n sisteem nie, maar eerder multi-dimensioneel. Vir wetenskapsbeoefening in diepte is horisontale indeksering net nie toereikend nie. Hoewel die werksaamhede van die konvensionele biblioteekwese oor die hele terrein van menslike kennis strek, is ’n groot persentasie van die beoefenaars daarvan mense wat in die geesteswetenskappe onderlê is. Nie lank gelede nie nog het laasgenoemde die natuurwetenskaplikes en tegnolôë beskuldig dat hulle al meer en meer weet van al minder en minder. Spesialisering is voorgehou as ’n euwel. Maar die tegnologiese vooruitgang het dit eenvoudig vereis en die verskaffers van inligting op hierdie gebied het besef dat die konvensionele metodes van inligtingsontsluiting nie die situasie kan beheer nie. Daarom het hulle met indekseringsmetodes vorendag gekom wat miskien minder wetenskaplik as die konvensionele is, maar wat diepte-inligtingsdiens moontlik maak vanweë die diepte waarin geïndekseer kan word en die spoed waarmee materiaal herwin kan word.

Met hierdie dinge nog vars in die geheue, bevind die geesteswetenskappe hulle vandag in presies dieselfde bootjie van spesialisering. Ek volstaan met ’n enkele voorbeeld op die gebied van ’n jong wetenskap soos die biblioteekkunde. Skaars 25 jaar gelede sou ’n breë tema soos *Die rol van die skool, kollege en universiteitsbiblioteek in die opvoedingsprogram* heeltemal gangbaar gewees het vir ’n proefskrif. Skaars 10 of 15 jaar later word verhandelinge oor eng temas soos *Die finansiering van die universiteitsbiblioteek* of *Die sentralisasie en desentralisasie van die universiteitsbiblioteek* vir magistergrade vereis.

Niemand sal dit ontken dat die inligtingsontploffing en spesialisering diepte-inligtingsdiens wêreldwyd in ’n dilemma laat beland het, en dat die konvensionele biblioteekwese die situasie nie kan hanteer nie. Ek wil die soeklig verder aan meer spesifiek op die Suid-Afrikaanse situasie rig. Suid-Afrika is ’n jong land en sy studiebiblioteke is nog relatief klein. In baie gevalle word daar nog geworstel om basiese boekevoorrade daar te stel. Ons eie universiteitsbiblioteek moes skaars 26 jaar gelede van nuuts af uit as en roet opgebou

word. Nou eers kan 'n mens sê dat 'n lewensideaal ten opsigte van huisvesting en 'n basiese boekevoorraad bereik is. As ons land se studiebiblioteke, aan wêreldstandaarde gemeet dan nog klein is, dan het die inligtingsontploffing en sy euwels ons mos nog nie getref nie. Dan kan die konvensionele biblioteekwerkzaamhede die inligtingsituasie mos nog hanteer. Inligting en die ontsluiting daarvan is egter nie geografies- en taalgebonde nie. Net soos sy Duitse of Amerikaanse eweknie is die Suid-Afrikaanse navorsers en vakspecialis geregtig op kennisname van alle toepaslike inligting op sy besondere terrein. In Suid-Afrika staan ons dus ook vierkantig in die inligtingsdilemma. Dit het by ons al sover gevorder dat vakspecialiste openlik verklaar dat hulle van biblioteke en hulle dienste niks verwag nie, en daarom eerder met tussenposes van 'n aantal jare op 'n oorseese reis gaan om van oorseese kolleges persoonlik te verneem wat die jongste stand van sake op die betrokke kennisgebied is.

Suid-Afrikaanse biblioteekkundiges is geensins onbewus van die inligtingsdilemma nie. Veral sedert 1959 is daar besef dat daar nie langer op die ou trant voortgegaan kan word nie — die ou trant van ons sal inligtingsbronne so goed as ons kan beskikbaar stel; benut u dit as u wil of as u kan. Die een konferensie en die een simposium na die ander word gehou. Met 'n groot omhaal van groot woorde word ons inligtingsprobleme bespreek, referate word gepubliseer, die reeds oorlaaide leser word al dieper begrawe onder literatuur, maar geleerdes bly teleurgestel in biblioteke.

Natuurwetenskaplike en tegnologiese navorsers was wel die eerste gewees om die ontoereikendheid van die metodes van die konvensionele biblioteekwese te beleef en te besef, maar hulle was nie die enigste nie. Geesteswetenskaplikes besef dit ook al te goed. Net omdat daar nog nooit 'n afsonderlike monografie of 'n tydskrifartikel oor 'n sekere onderwerp gepubliseer is nie, en daar gevolglik geen inskrywing onder daardie onderwerp in 'n aanwysingshulpmiddel gemaak is nie, moet ons van naslaanbibliotekaris se hoor dat daar geen inligting oor die onderwerp bestaan nie. Intussen beskik die betrokke biblioteek oor soveel inligting oor die onderwerp dat dit 'n probleem is om die korrels van die kaf te skei. In lyn met die hedendaagse wetenskapsbeoefening op gevorderde of navorsingsvlak is dit dan ook juis daardie aspekte van 'n onderwerp, waaroor nog nie afsonderlik gepubliseer is nie, waarin navorsers geïnteresseerd is.

Dit skyn asof die kern van ons probleem geleë is in die feit dat naslaandiens en inligtingsdiens as sinoniem beskou word. Vroeër, voor die dae van spesialisering, was dit nie vir biblioteke nodig om iets meer as naslaandiens te lewer nie. Die konvensionele aanwysingshulpmiddele het alle gebruikers tevrede gestel. Vandag word daar egter nuwe inligtingseise aan biblioteke gestel. Benewens naslaandiens word tans ook inligtingsdiens verlang. Om die laasgenoemde duidelik te onderskei van naslaandiens noem sommiges dit

ook ware inligtingsdiens, of diepte inligtingsdiens, of maksimum inligtingsdiens. Dit is op hierdie stadium nodig om iets meer oor naslaandiens en inligtingsdiens te sê.

In biblioteke kry ons te doen met drie soorte navrae — parate naslaanavrae, aanwysingsnavrae en navorsingsnavrae. Die eerste soort, die paratenaslaanavrae val feitlik geheel-en-al buite die sfeer van studiebiblioteke. Hulle is navrae van die wie, waar, wat, hoeveel, tipe, en hulle kan baie gou met behulp van 'n sogenoemde parate naslaanbron beantwoord word. Dit is navragies wat hulle oorsprong het in blote menslike nuuskierigheid, of om 'n blokkies-raaisel in te vul of om 'n stryery by te lê, en hulle word op 'n groot skaal deur die gewone man op straat in openbare biblioteke gestel. Hierdie soort navrae het met die inligtingsprobleem niks te doen nie, en dit kan daar gelaat word.

Met aanwysingsnavrae kry 'n mens op 'n groot skaal te doen in studiebiblioteke. Dit is die soort navrae waarmee byvoorbeeld voorgraadse studente 'n universiteitsbiblioteek konfronteer. Op die voorgraadse vlak waar die onderlig algemeen en breed is, lewer ons biblioteke 'n uitmuntende diens, want die ontsluitingswerkzaamhede is horisontaal. Maar sodanige diens is nie inligtingsdiens nie. Wanneer 'n student na die biblioteek verwys word vir die selfstandige afhandeling van 'n werkstuk dan word hy met behulp van bibliografieë, katalogi, tydskrifindekse of watter soort bibliografiese hulpmiddele ookal, gelei na bronne wat vir hom die verlangde inligting sal verskaf. Hierdie bibliografiese hulpmiddele verskaf nie vir hom die verlangde inligting nie — dit wys slegs die bronne met die verlangde inligting aan. Daarom noem die Amerikaners dit *directional service*, wat ek by gebrek aan 'n goeie Afrikaanse woord *aanwysingsdiens* noem. Hierdie soort diens het sedert die begin van die konvensionele biblioteekwese al die naam naslaandiens. Dit was altyd een van die funksies van naslaandiens om biblioteekgebruikers te onderlig om self inligting te vind, 'n funksie wat daarop neerkom dat die gebruikers geleer word hoe om bibliografiese aanwysingshulpmiddele te gebruik. Geen regdenkende mens kan beswaar hê teen sodanige onderrig nie. As skoolbiblioteke dit nie doen nie, dan kan universiteitsbiblioteke dit gerus maar doen. Die feit is egter dat dit nie inligtingsdiens is nie, terwyl gevorderde gebruikers smag na diepte inligtingsdiens. Aanwysingsnavrae en naslaandiens staan heeltemal buite die inligtingsprobleem. Die opleiding van bibliotekarisse om naslaandiens te verrig, lewer ook geen probleme nie. As biblioteekgebruikers dan terloops en op 'n informele wyse geleer kan word om vir hulleself naslaandiens te lewer, hoeveel makliker kan dit dan deur middel van formele lesings vir biblioteekkunde-studente gedoen word. In hierdie verband moet dit egter ook in gedagte gehou word dat onderrig nie eindig met 'n aantal informele of selfs formele lesings nie, maar wel met toetsing of evaluering. Die enigste empiriese ondersoek in hierdie verband waarvan ek bewus is, is 'n stuk of tien



jaar gelede in Amerika uitgevoer en die resultate is gepubliseer onder die titel *Do Colleges need Reference Service?* Dit het aan die lig gebring dat gebruikers nie spesifieke en gedetailleerde kennis van inligtingsbronne opgedoen het nie; dat hulle nie geleer het om tipes navrae met tipes bronne te assosieer nie; dat hulle nie geleer het om dele van boeke effektief te gebruik nie; dat hulle nie geleer het om spesifieke onderwerpe met algemene terreine van inligting te assosieer nie; dat hulle nie in staat is om inligtingsbronne te evalueer nie — alles dinge wat nodig is vir effektiewe naslaandiens, en wat 'n opgeleide naslaanbibliotekaris wel kan doen. Soos ek reeds gesê het, is daar geen beswaar teen sodanige onderrig van biblioteekgebruikers nie. Die vraag is net of die kool die sours werd is. Kon die tyd wat bestee is aan die onderrig van gebruikers nie beter aangewend gewees het deur diepte inligtingsdiens te lewer aan gevorderde gebruikers wat alreeds ontsenu is deur die inligtingsontploffing nie?

Dit bring my by die derde soort navraag wat ek vroeër genoem het — die navorsingsnavraag, wat ons midde in die inligtingsprobleem plaas. Die hantering van hierdie soort navrae is bekend as ware of diepte inligtingsdiens. Sodanige inligtingsdiens begin waar aanwysingsdiens ophou — dit wil sê daar waar die bibliografiese aanwysingshulpmiddele van die konvensionele biblioteekwese nutteloos geword het.

Toe daardie biblioteke wat industrieë bedien, en daarom op 'n klein terrein van natuurwetenskaplike en tegnologiese kennis spesialiseer, die sogenoemde spesiale biblioteke — toe hulle gekonfronteer is met die inligtingsontploffing en die ontoereikende ontsluitingsmetodes van die konvensionele biblioteekwese, het hulle met metodes en beskouinge vorendag gekom wat die toestand die hoof gebied het. Daar mag verskeie redes wees waarom die bibliotekarisse van spesiale biblioteke, of inligtingkundiges, die uitdaging aanvaar het en daarin geslaag het om diepte inligtingsdiens te lewer, maar twee redes staan op die voorgrond. In die eerste plek gaan dit vir 'n industrie of nywerheid om wins, om materiële gewin. As die nywerheid skade ly as gevolg van swak inligtingsdiens, dan sal die topbestuur sekerlik 'n indringende ondersoek laat instel met die oog op winsgewende diens. Dit mag finansiële selfs effektiewer blyk te wees om inligtingsdiens van 'n ander instansie te koop. Dit moes beslis vir inligtingkundiges 'n uitdaging gewees het om te voorsien in die inligtingsbehoefte van die nywerheid en sy werknemers. Navorsers en tegnologiese praktisyns kan net nie hulle tyd verspil met die uitsnuffel van inligting nie, want tyd is geld.

Maar 'n tweede rede waarom inligtingkundiges daarin geslaag het om diepte inligtingsdiens te lewer, is omdat hulle vakkundig toepaslik onderlê is. Hulle is oor die algemeen ingenieurs of gegraduatees in die natuurwetenskappe. Gevolglik is die kennisterrein waarop hulle inligting moet verskaf en die inligtingsbehoefte van die gebruikers vir hulle bekend. Dit stel hulle dan in

staat om diepte-inligtingsdiens doeltreffender te lewer.

Ons bibliotekarisse verwys graag met trots na die voortreflike inligtingsdiens wat deur spesiale biblioteke gelewer word. Ons neem ook ons biblioteekkunde-studente op besoek na die spesiale biblioteke sodat hulle self kan sien wat gedoen kan word. Ons trots en ons verwondering sal egter nie ons inligtingsprobleme oplos nie. Dit is ons faak om uit te werk presies hoe dieselfde inligtingsideale as dié van spesiale biblioteke in die veel meer gekompliseerde konteks van die algemene studiebiblioteek gerealiseer kan word. Of moet ons vir 'n navorser aan 'n universiteit sê dat sy eweknie verbonde aan die een of ander nywerheid belangriker is as hy, dat sy navorsing minderwaardig is teenoor dié van 'n nywerheid, dat die inligting wat opgesluit is in 'n spesiale biblioteek, belangriker en nuttiger is as dié in 'n universiteitsbiblioteek? Is die gebruiker van die spesiale biblioteek se tyd werklik kosbaarder as dié van byvoorbeeld 'n dosent? Kan gewin aan geestelike waardes omreken word in rand en sent? Dit is paradoksaal dat die konvensionele biblioteekwese goeie diens lewer aan voorgraadse studente wat baie keer tyd het vir allerhande onsinne, maar die gevorderde gebruiker moet maar self 'n tydrovende literatuur-ondersoek uitvoer.

Die een enkele professionele bewus is van die omvang en die gevolge van die inligtingsontploffing is die biblioteekwese. En tog weier baie bibliotekarisse om die verantwoordelikhede te aanvaar wat aan hulle professionele gegee is om die inligtingsprobleem die hoof te bied. Baie bibliotekarisse wil eenvoudig nie besef nie dat, as mense na 'n biblioteek kom, wil hulle nie leer van metodes en tegnieke van bibliografiese beheer nie; hulle wil inligting hê! En dit is die taak van die inligtingsafdeling om die verlangde inligting te voorsien in die vorm van bronne wat die toepaslike inligting bevat — nie bronne wat die inligting moontlik kan bevat nie.

Aangesien ons in 'n tydvak lewe en werk waarin die inligtingsdienste van studiebiblioteke oor die hele wêreld in 'n toenemende mate gekritiseer word, kan daar nie langer gewag word nie om ernstige pogings aan te wend om die saak in die reïne te bring. Dit is my oortuiging dat die grondoorzaak van die inligtingsprobleem 'n algehele gebrek aan 'n inligtingsteorie of -filosofie is. Nog geen verantwoordelike liggaam soos 'n professionele vereniging van bibliotekarisse het al ooit 'n besliste en doelgerigte inligtingsbeleid of teorie neergelê nie. Weliswaar het die *Reference Standards Committee of the American Library Association Reference Services Division* in 1961 'n flou poging in hierdie rigting aangewend. Hulle teoretiese grondslag vir inligtingsdiens is „reference service could either consist of the instruction in the use of the library, or, the service may range from answering an apparently simple question by using an obvious reference source, to supplying information based on search in the collections of the library, with a combination of competence in bibliographic techniques and with competence in the subject of inquiry”. As ons

let op die halfhartigheid en dubbelslagtigheid van hierdie teorie en sy gees, van dit-hang-af, dan is dit nie vergesog om dit 'n flou poging te noem nie. Dit dien geen ander doel as om die biblioteekprofessie te verwar nie. Wanneer en aan wie moet minimum diens gelewer word, en wanneer en aan wie moet maksimum diens gelewer word? Tog is daar iets in die Amerikaanse Biblioteekvereniging se verklaring wat aandag verg, naamlik hulle verwysing na bevoegdheid in die betrokke vakgebied. Dit is juis onder andere die vakbevoegdheid van inligtingkundiges wat hulle in staat stel om voortrefflike inligtingsdiens in spesiale biblioteke te lewer. In die veel meer gekompliseerde konteks van die algemene studiebiblioteke se inligtingsdiens is die gebruik van vakspecialiste nog nie tot sy volle potensiaal ontgin nie. Met die toenemende mate van spesialisering in die wetenskapsbeoefening en die gevolglike groter massas gespesialiseerde inligting omdat meer en meer oor minder en minder geskryf word, is dit voor-die-hand-liggend dat inligtingsbibliotekarise ook gespesialiseerd moet word.

As 'n mens egter 'n teorie verwerp, dan moet jy iets anders in die plek daarvan stel. Na my mening moet 'n inligtingsteorie gegrond wees op die rol wat 'n biblioteek in die betrokke gemeenskap speel, en hoe hierdie rol deur inligtingsbibliotekarise verwesenlik kan word. As dit in gedagte gehou word dat 'n biblioteek 'n inligtingsnywerheid is, dan kan 'n inligtingsteorie soos volg geformuleer word: *Die biblioteek moet aan alle navraers in gelyke mate alle soorte inligting verskaf tot die volle omvang soos deur die navraer verlang, en wel deur die dienste van inligtingsbibliotekarise wat spesifieke inligting verskaf deur gebruik te maak van alle moontlike bronne en metodes van inligtingsontsluiting.* Die aanname van so 'n teorie as grondslag vir inligtingsdiens beteken vanselfsprekend die afsterwe van die gerieflike opvatting dat die doel van biblioteke „should be to help the readers help themselves”. Inligtingsontploffing ofte nie, diepte inligtingsdiens kan gelewer word. Dit het spesiale biblioteke vir ons bewys. Maar dan moet ons besef dat 1885 se „modern library idea” in 1975 nie meer modern is nie.

Dit is my roeping om te help met die opleiding van bibliotekarise wat besied en gemotiveerd in die toekoms diepte inligtingsdiens moet gaan lewer — bibliotekarise wat deur hulle diens die vertrouwe moet wen van duisende teleurgestelde geleerdes in Suid-Afrika. Om daarin te slaag is grootskaalse leerplanwysigings stellig nie nodig nie. Ek meen tog dat daar enkele dringende tekortkominge in ons opleidingsprogram is. Een waarvan ek, as 'n biblioteekgebruiker deeglik bewus geword het, staan in verband met katalogiseringskodes. Suid-Afrikaanse bibliotekarise behoort in hierdie verband nie langer vir Amerika klakkeloos na te praat nie. Bestaande kodes mag wetenskaplik en indrukwekkend voorkom, maar hulle hou nie in alle opsigte rekening met die behoeftes van hedendaagse biblioteekgebruikers nie. As 'n bibliotekaris in 'n boek met die tema *Education for urban information practice* in

alle erns 'n biblioteekatalogus definieer as „... a barrier erected by librarians to justify their elite status based on an assumed expertise needed to make and use catalogs”, dan is daar iewers 'n groot fout. Ons kan nie langer onredelike eise aan biblioteekgebruikers stel nie.

'n Verdere tekortkoming in ons voorbereiding en toerusting van toekomstige bibliotekarisse is 'n gebrek aan kennis van die taak, die terrein en die metodologie van die verskillende vakwetenskappe en die behoeftes van die beoefenaars van die verskillende vakwetenskappe. Hierdie tekortkoming geld natuurlik hoofsaaklik by diepte inligtingsdiens op die gevorderde vlak. Dit hang ook saam met die kwessie van vakspecialiste as inligtingsbibliotekarisse. Vakke soos wetenskapsleer en wetenskapskunde voorsien nie in hierdie behoefte nie.

Ek noem nog een tekortkoming in ons opleidingsprogram, naamlik kennis van rekenaarmetodes en rekenaaraanwending. Ons beleef tans wêreldwye biblioteeksaamewerking wat gebaseer is op die feit dat moderne tegnieke van elektroniese databewaring, verwerking en oorsending die vinnige en akkurate uitruil van bibliografiese data moontlik maak. Nuwe opvattinge oor bibliografiese beheer en inligtingsdiens duik tans op as 'n direkte gevolg van rekenaaraanwending.

'n Tyd gelede moes ek vir 'n paar jaar lank literatuurondersoeke uitvoer omdat die konvensionele bibliografiese hulpmiddele my nie na een enkele bron van inligting kon lei nie. Vandag is ek baie dankbaar dat ek die geleentheid gehad het om diepte-inligtingsdiens aan myself te kon lewer. Daardeur kon ek kennis maak met die inligtingsprobleme van biblioteekgebruikers op die gevorderde vlak, en daardeur is ek in staat gestel om 'n eie beskouing oor inligtingsdiens te formuleer. Hierdie beskouing van onvoorwaardelike diens aan alle navraers in gelyke mate, tot die volle omvang soos deur die navraer verlang, dien vir my as grondslag by die opleiding van inligtingsbibliotekarisse. Op hierdie weg wil ek voortgaan en voortbou so lank as wat ek daartoe in staat gestel word.